*PAS ONTVANG —*
WIT HEMDE MET TWEE
LOS BOORDJIES
21/6 elk.
*Baie beperkte voorraad.*

Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PRO ECCLESIA-GEBOU

# DIE Matie

BESTE DIENS
vir
FIETSE, RADIO'S ENS.
is
nog verkrygbaar
by
H. VILJOEN
PLEINSTRAAT

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 19. VRYDAG, 7 SEPTEMBER 1945. Prys 1d.

# Juniordag 1945 'n Sukses? Ongetwyfeld!!

## Val van Dagbreek se Derde Verdieping

Mnr. Deon Richter, inwoner van Dagbreek, het Dinsdag, Juniordag, vanuit die derde verdieping geval toe hy probeer het om langs die waterpyp af te seil en die pyp gebreek het. Mnr. Richter, wat lid van die Juniordag-Breëbestuur is, het betreklik lig daarvan afgekom as mens in ag neem dat hy sowat 27 voet geval het. Hy het 'n arm gebreek en beentjies beide in sy een voet en ander been. Tans is hy nog in die hospitaal en daar sy bene albei in gips geplaas is, sal hy geruime tyd in die bed moet deurbring.

## Motor-Dief Ry Student Om

Verlede week is een van ons studente, mnr. Laubscher, deur 'n motor omgery. Die bestuurder, 'n kleurling, het die motor gesteel, eers mnr. Laubscher omgery en toe met 'n lamppaal gebots. Die dief is later deur ander studente gevang toe hy probeer ontsnap het.

Mnr. Laubscher is toegelaat om koshuis-toe te gaan nadat hy by die hospitaal aan was vir behandeling.

## „Vredesjuniors" Hou Lentedag

Ten spyte van baie ongunstige weer het die Juniors van 1945 tog 'n baie indrukwekkende lentestemming geskep. Die groot skare van studente- en publiek wat die optog en voorstellings toegejuig het, sal 1945 se Juniordag onthou as een van die gelukkige dae van fees en musiek wanneer almal vrolik hulde gebring het aan die ontwakende natuur.

### OORSPRONKLIK.

Die jaar 1945 is 'n jaar van groot oorspronklikhede. Ons dink byv. aan die verwoestende atoombom. Hoogs oorspronklik is natuurlik ook die feit dat manne, wat hulle land se belange probeer bevorder het, wat in die hoogste sin van die woord as bodemvaste patriotte beskou moet word, as „oorlogsmisdadigers" bestempel word, en hulle verdediging moet rig teen 'n bevooroordeelde regbank. Die Geallieerdes besit egter nie die monopolie van *oorspronklikheid* nie, en dit is bewys deur die gebeurtenis wat op 4 September 1945 in Suid-Afrika, in Stellenbosch plaasgevind het, nl. die dag van dae, Juniordag!

### SKITTERENDE SERENADE

Die serenadeprogram was met een woord, skitterend. Onder die bekwame leiding van Richard Behrens is besonder moeilike werke baie knap uitgevoer. Ook moet 'n spesiale woord van gelukwensing gerig word aan die viole en die tjello, wat hulle, in die vertolking van hulle stuk, meesterlik van hulle taak gekwyt het.

### OGGENDPROGRAM

Juniordag 1945 is ingelui! Vroeg het 'n perdekommando deur die dorp getrek om die lentedag aan te kondig. Gedurende die nag het die weer ons maats egter 'n streep getrek, en dit was bestem dat Juniordag onder betrokke lug moes plaasvind. Hulle taak was dus des te groter om die sonnige koms van die lente voor te stel. Hulle het geslaag.

Die kleurryke optog het met Coetzenburg as beginpunt, die dorp deurkruis. Die vlotte is besonder mooi versier, en 'n pragtige verskeidenheid van kleure het die oog gevang. Die orkes het ook van die staanspoor af 'n lewendige lentestemming geskep.

Die oggendverrigtinge het by Coetzenburg 'n aanvang geneem met 'n kort toespraakie deur die burgemeester, mnr. W. A. Krige. Daarna het die Juniorkaptein sy rede gelewer.

Die program het 'n voorstelling gegee van Lente in verskillende lande t.w. Griekeland, Spanje, Holland, Rusland en Weenen. Die Griekse mite van Dis, die god van die onderwêreld, wat Persephone, die dogter van Demeter, vir ses maande van die jaar na sy onderaardse ryk neem, maar toelaat dat die dogter die ander ses maande by haar moeder bly, is besonder goed voorgestel. Die mite bevat natuurlik die idee van die ses droewige wintermaande van die jaar, asook die ses vrolike lente- en somermaande. Hier wil ons die juniors ook baie gelukwens met hulle keuse van 'n lentekoningin. Die Hollandse, Spaanse, Russiese en Weense tonele is uitgevoer d.m.v. tipiese volksdansies met begeleiding van die orkes. Tussen die tonele het die koor opgetree. Diegene van ons wat die serenade gehoor het was nogal in 'n mate 'n bietjie teleurgesteld met die koor se uitvoering hier. Was die mansstemme nie miskien 'n bietjie te sterk nie? Die juniorlied is puik.

Die orkes het afgesluit met Schubert se Marche Militaire en daarna het die koorlede hulle plekke verlaat en die letters „Lente Vrede" voor die pawiljoen kom vorm. Die grand finale was baie indrukwekkend waar die Lentekoningin twee duiwe in die lug loslaat. Hiermee is die idee van die „Vredesjuniors" op die voorgrond gebring. Hierna is die Juniorkaptein en die Lentekoningin met 'n koets vort. Die oggendprogram was afgeloop.

Ook moet egter nog melding gemaak word van die skitterende hekversiering. Die kostuums verdien ook 'n besondere woord van gelukwensing. Baie geluk, Annette!

### MIDDAGPROGRAM

Die middagprogram in die Stadsaal was baie verrassend. Die jonge dametjies uit die Kaap het groot applous met hulle vernuftige klop-, ballet- en akrobatiese dansies van die stampvol gehoor uitgelok. Die koor het hier weer sy prestige herwin! Die uitvoering was pragtig. Die Juniors van 19.5 het 'n verbasende


(Vervolg op bls. 4 kol. 4)

HY WAS DIE KAPTEIN!!



*OOSIE.*

MOEILIK OM TE KIES!



*Erina* *Hulda* *Phoebe*

**Besoek DIE UITSPAN**
Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop - - -
*DIE UITSPAN is 'n besoek werd!*

# Oplossing No. 2

Oplossing no. 2 bied 'n verskeidenheid boeke aan wat oor kuns en kunswaardering handel. Verryk u gees deur hierdie boeke te lees nadat u hulle van ons gekoop het.

1. **Maggie Laubser:** Johannes Meintjies. Prys 28/-
2. **Child art:** Wilhelm Viola. Prys 19/-
3. **Klassieke meesters van die Renaissance:** F. E. J. Malherbe Prys 30/-
4. **Dismembered Masters:** Thomas Bodkin. Prys 15/9
5. **Donatello:** L. Goldscheider. Prys 25/6
6. **From the National Gallery Laboratory:** W. H. Bragg. Prys 8/-
7. **A Book of Art:** E.W. Walters. Prys 13/-
8. **Boukuns:** Brand van Niekerk. Prys 6/3

Bestel van:

**DIE C.S.V.-BOEKHANDEL**

**Pleinstraat, Stellenbosch**



**Die Plaza**

Foon 0013

**FOUR FEATHERS**

**John Clements**

**Ralph Richardson**

**VRYDAG en SATERDAG**
**7 en 8 Sept.**

**Matinee Saterdag**



## WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**



*DIE MATIE*

Alle Korrespondensie aan:

DIE REDAKSIE,
„DIE MATIE,"
Posbus 197,
STELLENBOSCH.

MAITE, VRYDAG, 7 SEPT. 1945


# GEREGVERDIGDE AANKLAGTES?

Die kenmerk van 'n student is o.a. sekerlik sy gesonde sin vir pret en praktiese grappe. Hoe moet 'n gemeenskap en veral 'n studentegemeenskap dan lyk waarin daar niks oorspronkliks en prettig voor die dag kom nie? Gelukkig getuig feestelike gebeurtenisse soos Juniordag en ander insidente van gesonde studente-jolyt, van oorspronklikheid, en dien dit as 'n voorbeeld van deeglike studente-organisasie; en daarom kan dié lede van die publiek wat altyd graag die vinger na studente wys en niks wat goed is van hulle wil glo nie, alleen na sulke gebeurtenisse verwys word.

Dit is egter jammer dat die water in die studentegemeenskap vertroebel moet word deur onverantwoordelike persone wie se dade dan toegeskryf word aan 'n groep wat in werklikheid onskuldig staan. Almal weet dat daar 'n aantal belhamels is wat in die afgelope paar weke nie werk vir hul hande gehad het nie, en gevolglik snags mede-studente (meesal eerstejaars) vanuit hul slaapkamers uitgelei en op onbetaamlike wyse molesteer het. Verskeie persone het hieroor gekla en, soos dit gewoonlik gaan, het daar ook etlike stories oor dié saak die ronde gedoen. Baie persone was te gretig om die Junior-organisasie daarvan te beskuldig. Afgesien daarvan dat dit onbillik is om op 'n onverantwoordelike wyse 'n organisasie of groep te blameer vir 'n saak waarmee hulle niks te doen het nie, getuig dit ook van onkunde aan die kant van sulke persone.

Daar is reeds geruime tyd 'n losbandige gees aan die broei op Stellenbosch. Daardie gees weier om gesag te erken en te respekteer. Dit is tewens ook 'n belangelose gees wat hom o.a. openbaar in 'n vol bioskoopsaal en kwynende verenigings op Stellenbosch. Van hierdie losbandigheid is die insidente wat hierbo genoem is, 'n uitvloeisel, en nie van die Junior-organisasie nie, soos kwaadwillig beweer word nie.

Ongelukkig het 'n sekere aantal Juniors hulle ook skuldig gemaak aan hierdie optrede, en sodoende hul organisasie se naam onregverdig in die gedrang gebring.

'n Tyd gelede het 'n aantal studente geprotesteer teen 'n artikel: „Op Pad Kafferland-toe", maar dit is hierdie onverantwoordelike belhamels wat snags die kattekwaad aanvang, wat die aanleiding gee tot die skryf van sulke artikels. Dit is niks minder as reg dat studente wat hulle aan genoemde wangedrag skuldig maak, en sodoende die studente of groepe studente se goeie naam in die modder sleep, deur die Universiteit gestraf word nie.


*Teken In op Wapenskou*


# DIE NUWE ATOOMBOM

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

In ons laaste artikel het ons reeds melding gemaak van die finansiële atoombom wat die Amerikaanse bondgenoot op Brittanje gelos het toe hy die bruikleen-ooreenkoms sonder oorlegpleging met laasgenoemde beëindig het. Ons het ook verneem dat die Britse leiers hierdie Amerikaanse optrede „baie ernstig en onrusbarend" noem en dat die nuwe atoombom in Downingstraat die oorsaak van „much bewilderment" is.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

## DIE BOM EN DIE BRITSE FINANSIËLE POSISIE

Soos bekend het Amerika reeds £10,000 miljoen se ware volgens bruikleen gelewer en dit is begryplik dat hy nou oorslaan van die verniet-basis na 'n normale kredietbasis. Dit was trouens ook vanaf die begin in die bruikleen-wet bepaal dat hierdie bruikleen met die oorlog sal eindig.

Wat Brittanje betref het hy tot dusver meer as £7,000 miljoen se voorrade volgens bruikleen uit Amerika ontvang. Vandag het hierdie sterk fontein skielik opgedroog en dit nogal op 'n tydstip wat vir die Britte buitendien baie kritiek is: nie alleen ly Brittanje nog aan etterende oorlogswonde nie, maar die moeilike oorskakeling van 'n oorlogshuishouding na 'n vredeshuishouding sal al die vernuf en vindingrykheid van sy leiers en die taaiste volharding van sy volk nodig hê.

Soos bekend beloop Brittanje se oorlogskuld vandag £22,400 miljoen en daarop is die rente alleen £400 miljoen per jaar. Dit is waar dat die grootste gedeelte van hierdie reusagtige oorlogskuld 'n binnelandse skuld is, wat die Britte maar onder mekaar sal moet vereffen. Dit is egter die oorlogskuld van £3,500 miljoen aan die vreemdeling, aan die buiteland, wat vir die Britte die meeste kommer baar. As Brittanje hierdie oorlogskuld van £3,500 miljoen wat nog tot £5,000 miljoen sal styg, soos verwag word, oor 'n periode van 30 jaar en teen die geringe rentekoers van slegs $2\frac{3}{8}$ persent moet afbetaal, volgens Amerikaanse voorstelle, dan sal die Britte £250 miljoen per jaar moet vind. As in aanmerking geneem word dat Brittanje ná die vorige oorlog wanbetaler gebly het, ofskoon sy skuld toe maar sowat een-derde van die huidige beloop het, en dat die betalingsbalens van die verarmde na-oorlogse Brittanje volgens Attlee nou 'n jaarlikse debet van £1,200 miljoen toon teenoor 'n debet van £55 miljoen in 1938 wat toe reeds groot besorgdheid gebaar het, dan behoort die kritieke finansiële posisie van die Britte aan elkeen duidelik te wees.

Waar gaan Brittanje die geld kry om hierdie reusagtige skulde- en rentelaste te betaal? Soos bekend het hy reeds £700 miljoen per jaar van sy buitelandse bates vir die oorlogvoering opgebruik, sowel as £530 miljoen per jaar van sy tuisbesittings gelikwideer. Hy het ook reeds sy produksie met 20 persent verhoog en sy verbruik met 18 persent verlaag. Ten spyte van dit alles het hierdie onbetaalbare skulde opgeloop. En nou het ook die Amerikaanse hulp weggeval!

## DIE REDMIDDELS?

Die vraag is hoe gaan Brittanje uit land het? Sal daar ooit weer in die toekoms soos in die negentiende eeu van 'n ryk en welvarende Brittanje sprake kan wees? Op die oomblik lyk dit of daar van Britse finansiële rehabilitasie in die besonder sowel as dié van die wêreld in die algemeen geen sprake kan wees sonder grootskaalse Amerikaanse hulpverlening nie, in watter vorm dit ook al mag die finansiële moeras kom waarin die Tweede Wêreldoorlog hom laat beland. Die werk van die Amerikaanse professor A. H. Hansen: **America's Role in the World Economy** wat so pas verskyn het, is in hierdie opsig baie insiggewend. Alleen **met** Amerika en nie **sonder** Amerika nie en veral nie **teen** Amerika nie is Britse en wêreldrekonstruksie moontlik. Die Amerikaners kan vandag die liedjie sing wat die Britte in die 19de eeu gesing het: „We have got the ships, we have got the money and we have got the men".

Daar sal Britte wees wat hulle teen hierdie Amerikaanse hoofrol in die toekomstige wêreldbedeling gaan verset. Deur middel van **devaluasie** van die pond sterling, 'n strenge beheer oor die pryse van eie fabrikate en die gevolglike manipulasie van die markte van Sterlinglande, gaan die Britte waarskynlik probeer om Amerikaanse toegeeflikhede af te dwing. Al hierdie middels gaan egter gevaarlik wees ook vir Brittanje self en vir daardie Sterlinglande wat dit gaan waag om die ongelyke stryd teen die Amerikaanse Kolos aan te bind. Die leier van die opposisie in die Nu-Seelandse parlement het 'n paar dae gelede gesê dat „die ou moederland 'n krisis in die gesig staar. Hy is deur die oorlog uitgeput, en die dominiums, met inbegrip van Nu-Seeland, moet die posisie in oënskou neem. As Brittanje ondergaan, dan gaan ons onder. Waar Brittanje gaan, gaan ons, oorlog of vrede".

Gaan ook Suid-Afrika die sentimentele liedjie en die kunsmatige geneesmiddels van hierdie Nu-Seelander gebruik of gaan **Suid-Afrika eerste** tog eindelik seëvier? Daar is hoop, want die Durbaniete hou van Amerikaanse motorkarre!

# PROF. C. EDGAR†

Verlede week is Prof. C. S. Edgar alhier oorlede. Prof. Edgar was 'n Skot van geboorte en het in 1901 na Suid-Afrika gekom. In 1903 is hy aangestel as Professor in Grieks. Oorledene het hom baie goed aangepas onder die studente en was ook baie gewild. Die begrafnis het onder blyke van groot belangstelling plaasgevind.

## PREEKBEURTE

**MOEDERKERK**

10.30 v.m. — Ds. A. F. Louw.
7 n.m. — Dr. B. B. Keet.

**NUWEKERK**

10.30 v.m. — Prop. C. S. Möller.
7 n.m. — Dr. D. R. Snyman.


# Rook Springbok-Sigarette

